

WOORDELYS SENUWEEWEEFSEL

Aksons	Senuweevesels wat senuwee-impulse weg van die selligaam van die neuron gelei
Dendriete	Senuweevesels wat senuwee -impulse na die selligaam van die neuron gelei
Interneuron	Tipe neuron wat senuwee-impulse tussen die sensoriese en motoriese neurone in die brein en rugmurg gelei
Miëlien	Vetagtige laag in sommige senuweeselle wat om die aksons van sommige neurone gedraai is
Motoriese neuron	Tipe neurone wat senuwee-impulse vanaf brein en rugmurg na effektore gelei.
Neurons	Senuweeselle
Sensoriese neuron	Tipe neurone wat senuwee-impulse vanaf reseptore na brein en rugmurg gelei
Senuweeweefsel	Tipe weefsel wat impulse kan stuur en ontvang deur middel van elektrochemiese seine




SENSORIESE NEURONE

Sensoriese neurone is verantwoordelik om inligting oor die omgewing (genaamd stimuli) na die sentrale senuweestelsel te stuur. Dit word geaktiveer deur aanraking, lig, temperatuur, druk, gehoor, ens.

Sensoriese senuweeselle (of sensoriese neurone) dra impulse (elektriese seine) vanaf 'n reseptor na die sentrale senuweestelsel (SSS).


MOTORIESE NEURONE



Motoriese neurone dra impulse vanaf die SSS na spiere of kliere (effektore). In die meeste gevalle veroorsaak die motoriese neuron spierkontraksie (beweging), maar motoriese neurone kan ook die afskeiding van stowwe deur kliere veroorsaak.

Die motoriese neuron veroorsaak reaksie via chemikalieë wat bekend staan as neuro-oordragstowwe.

INTERNEURONE



Hierdie neurone is baie kort in vergelyking met die sensoriese en motoriese neurone. Die verbindings of interneurone verbind 'n sensoriese neuron met 'n motoriese neuron. Die impuls beweeg vanaf die selliggaam aan die koppunt langs die kort akson na die dendriete van die volgende neuron.

SENUWEEWEEFSEL

Senuweeselle staan bekend as neurone. Neurone laat senuwee-impulse deur die liggaam beweeg.